GRAAD 10 VAKKEUSE 2017

VOO (Verdere Onderwys- en Opleiding)

- **Die leerplan word verdeel in twee leerareas:**
  - Fundamentele leerarea (vier vakke)
  - Kernleerarea (keuse van drie vakke)

➢ **FUNDAMENTALE LEERAREA**

- **Tale**:
  Afrikaans Huistaal - **VERPLIGTEND**

  Engels Huistaal
  of
  Engels Eerste Addisionele Taal } **KEUSE**

- **Geestes- en Sosiale Wetenskappe**:
  Lewensoriëntering - **VERPLIGTEND**

- **Fisiese, Wiskundige, Rekenaar- en Lewenswetenskappe**:
  Wiskunde
  of
  Wiskundige Geletterdheid } **KEUSE**

➢ **KERNLEERAREA**

- Kies ten minste **DRIE** vakke waarvan TWEE vakke uit een van die volgende organiseringsvelde **en** 'n DERDE vak uit enige organiseringsveld.

➢ **Kuns & Kultuur:**
- Ontwerpkuns, Musiek, Visuele Kunste, Dramatiese Kunste

➢ **Bedryfs-, Handel- en Bestuurstudie:**
- Rekeningkunde, Besigheidstudies, Ekonomie

➢ **Fisiese, Wiskundige, Rekenaar- en Lewenswetenskappe:**
- Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie, Lewenswetenskappe, Fisiese Wetenskappe

➢ **Vervaardiging, Ingenieurswese en Tegnologie:**
- Ingenieursgrafika en –ontwerp
- Siviele Tegnologie

➢ **Diensbedrywe:**
- Gasvryheidstudies, Toerisme

➢ **Geestes- en Sosiale Wetenskappe:**
- Geografie

➢ **Nie-amptelike tale:**
- Duits Tweede Addisionele Taal

VOORWAARDES BY DIE KEUSE VAN VAKKE UIT DIE KERNLEERAREA

- 'n Minimum aantal leerlinge moet die vak kies soos jaarliks bepaal sal word, voordat die vak aangebied word.
- **Wiskunde** is 'n voorvereiste vir **Fisiese Wetenskappe, Inligtingstegnologie, Rekeningkunde** en word sterk aanbeveel vir die neem van Ingenieursgrafika & –Ontwerp.
- Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Ingenieursgrafika en -ontwerp is 'n voorvereiste vir die neem van **Siviele Tegnologie**.
- Addisionele kostes sal gehef word indien meer as 7 vakke geneem word of vakke wat nie deur Hoërskool Linden aangebied word nie.
- Inligtingstegnologie en Rekenaartoepassingstegnologie mag nie saam geneem word nie.

➢ **VAKKE VIR MOONTLIKE UNIVERSITEITSVRYSTELLING**

NB : Kontak universiteit van u keuse vir inligting :

- Addisionele taal
- Amptelike huistaal
- Visuele Kunste
- Besigheidstudies
- Dramatiese Kunste
- Ekonomie
- Fisiese Wetenskappe
- Geografie
- Ingenieursgrafika en –ontwerp
- Inligtingstegnologie
- Lewenswetenskappe
- Musiek
- Nie-amptelike Taal bv. Duits
- Rekeningkunde
- Wiskunde
- Wiskundige Geletterdheid

} **4** vakke op gradering 4 (50% - 59%) verleen aan die leerling universiteits-vrystelling

VAKKE NIE UNIVERSITEITSVRYSTELLING:

- Rekenaartoepassingstegnologie
- Siviele Tegnologie
- Gasvryheidstudies
- Toerisme
- Ontwerpkuns

➢ **SLAAGVEREISTES**

- Huistaal & twee ander vakke : 40%
- Eerste Addisionele Taal : 30%
- Die res van die vakke : 30%
- *'n Leerling mag een vak, uitgesonder sy huistaal druip, mits bewyse van portefeuljes gelewer kan word*

PUNTETOEKENNING

PRESTASIE-GRADERINGSKODES	GRADERING	PUNTE
7	UITSTAANDE	80 - 100
6	MERIETE	70 – 79
5	AANSIENLIKE	60 – 69
4	VOLDOENDE	50 – 59
3	GEMIDDELD	40 – 49
2	BASIESE	30 – 39
1	NIE BEREIK	0 – 29

AANTAL KREDIETE EN TYD PER GEKOSE VAK

VAK	KREDIETE	TYD (URE/WEEK)
TAAL 1	20	4.5 ure
TAAL 2	20	4.5 ure
WISKUNDE / WISKUNDIGE GELETTERDHEID	20	4.5 ure
LEWENS-ORIËNTERING	10	2 ure
3 KEUSE- VAKKE	60	3 X 4 = 12 ure
TOTAAL	130	27.5 ure

VOORGESTELDE MINIMUM TOELATINGS VIR TERSIÊR

- **HOËR SERTIFIKAAT:**
  - 3 Vakke – Gradering 3 (40 – 49%)
  - 4 Vakke – Gradering 2 (30 – 39%)
  - + INRIGTINGSVEREISTES

- **DIPLOMA**
  - 4 Vakke op Gradering 3, uitgesluit LO (40 – 49%)
  - + Slegs van Voorgestelde lys
  - + INRIGTINGSVEREISTES

- **GRAAD**
  - 4 Vakke op Gradering 4, uitgesluit LO (50 – 59%)
  - + Slegs van Voorgestelde lys
  - + INRIGTINGSVEREISTES

ENGELS - HUISTAAL

1. Leerders moet oor goeie interpretasie- en insigvaardighede beskik. Kontekstuele vaardighede speel ook nog ‘n rol.

2. Letterkundige opstelle is verpligtend. Dit is ‘n vaardigheid wat leerders voorberei vir tersiêre opvoeding. (Dit kweek die vaardigheid van analitiese denke en leer hul om die korrekte formele taalgebruik te bemeester.)

3. Meer letterkundige werke word behandel.

4. Die kennis van basiese taalvaardighede is ‘n voorvereiste. (Indien leerders nie daaroor beskik nie, moet dit beslis voor die tyd opgeknap word.)

5. ‘n Kommunikatiewe benadering word gevolg, dus word daar van leerders verwag om wyd en deeglik te lees. (Tekste van die hele wye spektrum van publikasies moet bemeester word, bv. formeel/informeel, ens.)

6. Uitbreiding van woordeskat is belangrik ten einde die invloed van die moedertaal (Afrikaans!) in geskrewe en gesproke taal uit te wis.

ENGELS - 1ste ADDISIONELE TAAL

1. Kontekstuele vaardighede is van primêre belang. (Begrip van wat gelees word.)

2. Geen letterkundige opstelle word geskryf nie. Slegs kontekstuele vrae word gedoen.

3. Minder letterkundige werke.

4. Basiese taalvaardighede word steeds onderrig.

5. ‘n Kommunikatiewe benadering word gevolg.